

Ons is seker jy is hard besig om aan jou akademie te werk en daarom stuur ons vir jou hierdie Kit Kat-sjokolade. Vat 'n ruskansie en dink vir 'n oomblik hoe lekker dit by Hoërskool Framesby gaan wees - veral wanneer ons nuwe studentesentrum en kafeteria in 2021 voltooi is.

Rooikol/Boek die volgende belangrike datums in jou dagboek.

- Inligtingsaand vind Dinsdag en Woensdagaand, **17 & 18 November 2020**, plaas.
 - Vanne wat met **A–D** begin, **Dinsdagaand** om **17:30–18:30** (Kom by **Hek A** in)
 - Vanne wat met **E–L** begin, **Dinsdagaand** om **19:00–20:00** (Kom by **Hek B** in)
 - Vanne wat met **M–S** begin, **Woensdagaand** om **17:30–18:30** (Kom by **Hek A** in)
 - en vanne wat met **T–Z** begin, **Woensdagaand** om **19:00–20:00** (Kom by **Hek B** in)
- Slegs jy en jou ouers word genooi. Jy moet asb. in jou skoolklere geklee wees.

Hierdie is **dié** geleentheid waar alle inligting t.o.v. klere, skryfbehoeftes, handboeke, Graad 8 kamp, oriëntering, skoolfooie en nog meer, verskaf gaan word. Moet dit dus nie misloop nie.

Sien meegaande brief i.v.m. die aanpas- en aankoopdatums in die Klerewinkel.

Wees veilig, leer mooi en baie sterkte met die toetsreekse en eksamens wat nog voorlê.

M. Germishuys
SKOOLHOOF